Preeknotas vir Vrydag 31 Oktober 2008
Tema: Van bewonderaar tot navolger

Skriflesing:

Twee paaie [13]"Gaan deur die **nou poort** in. **Wyd is die poort** wat na die verderf lei, en die pad daarheen **breed**, en dié wat daardeur ingaan, is baie. [14]Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen **smal**, en dié wat dit kry, is min."

Vals (en ware) profete [15]"Pas op vir die **vals profete**. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe. [16]Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. Kry 'n mens dan druiwe aan doringstruike of vye aan dissels? [17]Elke **goeie boom** dra tog goeie vrugte, maar 'n **slegte boom** dra slegte vrugte. [18]'n Goeie boom kan tog nie slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom nie goeie vrugte nie. [19]Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi. [20]So sal julle die vals profete dan aan hulle vrugte ken."

Hoor en doen [21]"Nie elkeen wat vir My sê: 'Here, Here,' sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is. [22]Baie sal daardie dag vir My sê: 'Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bose geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?'[23]Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree.

Die twee fondamente [24]"Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy **huis op rots** gebou het. [25]Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots. [26]En elkeen wat hierdie woorde van My hoor en nie daarvolgens handel nie, kan vergelyk word met 'n dwaas wat sy **huis op sand** gebou het. [27]Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en die huis het ingestort en is heeltemal verwoes."

[28]Toe Jesus klaar gepraat het, was die skare verbaas(verwonderd) oor sy onderrig, [29]want Hy het hulle geleer soos 'n man met gesag en nie soos hulle skrifgeleerdes nie.

Inleidend: Michael Phelps en Mark Spitz het 'n paar dinge in gemeen. Swem, Goue medaljes en bewonderaars. Iewers is daar ook iemand wat anders is. 'n Jong persoon wie se voorneme dit is om soos 'n Michael Phelps te word – 'n navolger. Ek is deel van die bewonderaarsgroep. Ek gan nie my lewe verander nie. Ek bewonder hulle maar ek sal nie 'n navolger word nie. Daar is 'n groot verskil. Wat is dit?

Die bewonderaar is beïndruk die navolger is toegewyd. Die een gee applous en klap hande, die ander gee sy lewe vir die saak. Nelson Mandela, Moeder Theresa.

Jesus in die Bergrede (Matt 5-7) gee vir ons die grondwet van die Koninkryk. Verduidelik dit vir ons. Wys vir ons hoe dit lyk waar God regeer. Skares het kom luister, ook sy dissipels. Aan die einde lees ons ***[28]Toe Jesus klaar gepraat het, was die skare verbaas(verwonderd) oor sy onderrig,***

Skares het bewonder...maar daar was 'n paar wat navolgers geword het. Ons wil word soos Jesus.
Ek sal alles doen wat Hy sê, gee wat Hy vra, gaan waar hy beveel, uitvoer wat Hy verwag. Ek kies vandag. Ek verlaat die skare en ek sluit aan by die navolgers.

Jesus het geweet dat Hy 'n klein groep impakteer. Maar sy manier is om mense voor 'n keuse te plaas. Joh 9, Joh 3 – **Nikodemus**: *[2]Een nag het hy na Jesus toe gekom en vir Hom gesê: "Rabbi, ons weet dat u 'n leermeester is wat van God af gekom het, want niemand kan hierdie wondertekens doen wat u doen, as God nie by hom is nie." [3]Daarop sê Jesus vir hom: "Dít verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie."* **Ryk Jongman in Markus 10**:[17] *Hy val toe voor Hom op sy knieë en vra Hom: "Goeie Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry?"*

Reg deur die bergrede praat Jesus oor die lewe in die koninkryk en Hy beskryf dit as 'n geseënde lewe. En dit is vir almal beskikbaar. Aan die einde van die Bergrede wys Hy hoe jy dit kry: [13]"Gaan deur die **nou poort** in. Wyd is die poort wat na die verderf lei, en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie. [14]Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min."

Wat is die nou poort? Joh 14:[6] ***Ek is die weg en die waarheid en die lewe***; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie. Liefde vir, oorgawe aan, vertroue op, rus in Jesus. Wy jouself aan Jesus sonder enige reservering. Onvoorwaardelike gee.

Hoe lyk die breë weg? Dis die weg van die skare, die weg van die minste weerstand, bewonder Jesus maar behou reg voor om te doen soos ek wil.

Hele Bergrede is 'n reeks prentjies met kontrasterende uiterstes sonder enig middeweg. Nou poort, wyd ; smal en breed is die pad…goeie en slegte boom, goeie en slegte vrugte, valse en ware profete, huis op rots en huis op sand, mense wat hoor maar nie doen nie teenoor mense wat hoor en doen.

Vraag is ten diepste: " Wil jy Jesus werklik volg met 'n oorgegewe hart of nie? Navolger of bewonderaar.

Hoe lyk die bewonderaar kategorie? Drie kenmerke: Hulle is die "ook" mense , hulle is mense wat sukkel met risiko neem, daar is nie 'n kern nie. Verhaal van Pierre Gynt. Rasionalisering.

Wat gaan jy kies/ ek worstel sef dikwels met hierdie saak. Maar ek is dankbaar dat ons mekaar die heeltyd hieraan mag en moet herinner

Wil graag twee prentjies teken wat hierdie saak nog duideliker maak.

1. Funambulist – Charles Blondin en die Niagara waterval.

Aan die eidne van die bergrede lees ons dat almal verbaas was. Hulle het Jesus bewonder. Jesus soek nie bewonderaars nie. Hy sê nie: "Bewonder my nie'. Hy het slegs gesê: "Volg my!" **Mat 16:24** Toe sê Jesus vir sy dissipels: **As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën en sy kruis opneem en My volg. Klim in die kruiwa**

2. Die hulp van 'n GPS – Gehoorsaamheid, "recalculate route"